

**5 DESEMBER**

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 142  
FOKUSGEDEELTE: PSALM 142:6**

**God is ons toevlug in donkerte**

Wie van julle was al in 'n grot waar dit so donker was dat jy nie jou hande voor jou oë kon sien nie? Almal van ons onthou ook daardie magtelose gevoel toe ons klein was, as jy in die donker gang moet afloop. Donker laat jou magteloos voel. In vers 2 tot 4 hoor ons hoe Dawid met die Here praat en hy voel magteloos. Almal van ons ken daardie gevoel. Dawid se woorde hier kan net sowel enigeen van ons se woorde ook wees.

Hoe dikwels het ons in hierdie lewe al die donker van sonde en die gevolge van sonde ervaar? Die een ding wat ons in donker tye beleef, is dat ons eensaam voel. Dit voel vir ons asof niemand wil help nie en of niemand vir ons omgee nie (vs. 5). Daarom kan ons in sulke tye net na die Here roep. In die donker is die Here ons lig en redding (Ps. 27:1). Waarvoor is die mens die bangste? Vir die donker van die dood natuurlik. Maar Christus het die dood oorwin en daarom leef ons as gelowiges saam met Hom.

Om in ons donker omstandighede werklik te besef dat alleen die Here ons lig is, gee ons die vrede wat alle verstand te bowe gaan. Baiekeer ervaar ons die donker juis sodat ons in die donker geheel en al op God alleen sal vertrou. Het die Here jou al deur donker laat gaan sodat jy Hom as jou toevlug kan neem?

*Sing: Psalm 90:7*

*Ds Werner van den Heever (Rietvallei)*